19 Junie

**Skrifgedeelte: Matteus 8:5-17**
**Fokusgedeelte: Matteus 8:14-17**

## Die Here ken ons pyn

Het jy al gewonder of die Here jou nood en pyn regtig raaksien? Jesus kom in Petrus se huis en kry sy skoonma siek met 'n hoë koors. Miskien was dit malaria – ons weet nie. Sy was egter baie siek. Hy neem die eerste stap, buig af na haar toe, vat haar hand. Hy sien hierdie vrou se nood raak. Hy kon maar net 'n woord gesê het en sy was gesond gewees. Maar Hy doen dit nie. Hy genees intiem, persoonlik, deur met deernis en empatie aan haar te vat. Sy raak intens bewus van Jesus se tere liefde vir haar in haar nood en siekte.

Jesus se optrede moes ook vir Petrus en sy vrou diep geraak het. Jesus buig af na geliefdes toe, amper familie. Hy is in die huis van sy leierdissipel. Een van sy binne-kring-dissipels. Die impak van Jesus se liefde tref soveel dieper as een van jou eie mense geraak word: jou vrou, jou kind, jou ma.

Jesus kán meeleef met ons siekte en pyn. Waarom? Hy ken die pyn en spore wat die sonde in die mens se lewe agtergelaat het. Hy verstaan ons ellende. Matteus verbind die genesing van Petrus se skoonma met Jesaja 53:4 waar die volgende oor die lydende Kneg van die Here gesê word: *"Hy het ons lyding op Hom geneem, ons siektes het Hy gedra".*

Ook die breë gevolge van die sonde en die spore wat sonde agtergelaat het – soos siektes – dit kan Jesus wegvat. Eindelik loop Christus se verlossingswerk uit op algehele genesing. Johannes skrywe: *"Hy sal al die trane van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan"* (Openb. 21:4). Wonderlik – ook géén siektes meer nie!

As jy siek was en genees is, behoort dit jou dankbaar-bly na die kruis toe terug te vat. Toe Petrus se skoonma gesond is, staan daar: *"Sy het opgestaan en Hom bedien."* Dit gebeur elke keer as die groot Heelmeester mense aanraak. Kreupeles en lammes wat weer kan loop, prys Hom; blindes en dowes wat kan sien en hoor, verheerlik hom.

Wat sal ek en jy doen as ons bewus raak dat Jesus regtig omgee vir ons siekte, en ons pyn en nood ken?

Sing: Skrifberyming 18-6:1, 3, 4

Ds. TJ Potgieter (Port Elizabeth)